

**Woensdag 18 September**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:37,  
38**

**Ons sekerheid van God se onseibare liefde!**

*“Is jy seker jy is ’n kind van die Here? Is jy seker die Here het jou lief? Is jy seker oor jou verlossing en jou vryspraak?”* Hierdie is vrae wat die meeste Christene oor die algemeen laat twyfel. Baie mense is nie oor hierdie dinge seker nie. In die tyd waarin ons vandag leef, kan ons nie regtig van enigiets 100% seker wees nie, wat nou nog van seker wees oor verlossing, liefde en vryspraak?

Dit is juis hoekom Romeine 8 so ’n pragtige en versterkende hoofstuk in die Here se Woord is. In hoofstuk 8 word ons veral getroos met die vaste wete dat God ons vryspreek enkel en alleen omdat ons glo, en dit is die kosbare evangelie. God doen so baie vir ons waarvan ons absoluut seker en oortuig kan wees. God het ons uitverkies, God het bestem, God het ons geroep, God het ons vrygespreek en God het ons in Jesus Christus deur die kragtige werk van die Heilige Gees as sy eiendom beseël. Dit hou vir in dat, maak nie saak wat gebeur of wat die toekoms inhou nie of hoe die rand ook al verswak nie of watter siekte ons tref of watse hartseer van watter aard ook al ons beleef nie, NIKS maar NIKS kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Daarvan is ons as kinders van die Here 100% seker. Ons hoef nooit te twyfel oor ons redding, ons verlossing ons vryspraak en aan God se liefde nie.

Jesus Christus is die plek waar God sy liefde aan ons bewys het en Hy is ook die plek waar ons God se bewarende liefde ervaar. Wie in Hom is, is vir tyd en ewigheid veilig en geborge. Wees dan seker van jou kindskap, wees seker van jou verlossing en vryspraak en wees seker van God se liefde in Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 5-4:1-4*

*Ds. EJ van Jaarsveld (Janré) (Tsumeb)*